

Bekendstellingsdag: 17 Mei 2019

Baie welkom op ons plaas van 1947 ha! Ons voel geëerd dat u Landboudal as 'n moontlike opvoedkundige inrigting vir u kind oorweeg. En veral welkom aan die voornemende leerders wat in 2020 by ons wil aansluit; mag jy ná vandag sekerheid in jou hart hê oor Landboudal.

Indien u dit nog nie gedoen het nie, sal u dringend die volgende kritiese faktore in ag moet neem vóórdat u u kind finaal by 'n hoërskool inskryf:

- Die aanpasbaarheid van my kind.
- Die ontwikkelingspotensiaal van my kind onder die omstandighede wat by hierdie skool geld.
- Die verwagte kostes om hom/haar hier te hou.
- Die beskikbare hulpbronne en personeel.
- Die skool se infrastruktuur.
- Die bestuursvermoë van die Beheerliggaam, skoolhoof en senior personeel.
- Die spesifieke mark waarvoor Landboudal jongmense aan die wêreld van werk aflewer.
- Kan die skool produseer / lewer wat hy beloof?

Landboudal se naam is wyd bekend in die Vrystaat en Noord-Kaap. Die idioom sê egter *Sien is glo* en nie *Hoor is glo* nie. Wat mense sien, ervaar, beleef van Landboudal, wat Lanties self uitlééf daarbuite, dít is die dinge wat tel. Landboudal het 'n tradisie van markgerigte diens – ons lewer jongmense wat in aanvraag is en wat hulleself daarbuite laat geld. Die suksesse van oudleerlinge aan universiteite en oorsee verseker ons jaarliks dat ons die Regte dinge hier doen.

Die eerste belangrike saak om te weet is dat ons 'n lekker **stimulerende leeromgewing** het. Hier het jy 'n droomskoolloopbaan tot jou beskikking. Met ons vakkeuse kan jy jou in enige beroepsrigting bekwaam. Talle oudskoliere is vandag navorsers, wetenskaplikes, dokters, ingenieurs, landbouvoorligters, sielkundiges, opvoeders, ouditeure, ens. En waar kan jy andersins die voorreg hê om smiddae, ná 'n vermoeiende skooldag, te ontsnap rivier toe, kanaal gaan ry, om en deur die spilpunt draf, 'n bietjie skaap werk, springhaas jag, melkdiens doen of dalk vrywillig kombuisdiens doen ...? Om hier skool te gaan, is om weg te breek na iets outentieks.

Landboudal besproei 67, 2 ha met 4 spilpunte waarvan 8,5 ha mielies is, 41 ha lusern, 9 ha hawer en 8,6 ha Rhodesgras. As jy hier skoolgaan, is jy deel van 382 lêhenne (met 'n 90%-eierproduksie), 89 dorpers (met 'n lampersentasie van 108%), 406 merino's (met 'n gemiddelde 131%-lampersentasie), 99 Holstein Friese en Jerseys by die melkboerdery, 56 geregistreerde diere in ons Limousinstoet en 15 kommersiële beeste in die veld. Hier is elke dag 315 kinders, 18 onderwysers en 41 werkers op dié plaas. Waar kry jy hier in die sentrale streek nog só 'n plek? Dis onmoontlik om nie hier gelukkig te wees nie. Dis amper soos in Finland waar kinders net 3 uur per dag skoolgaan!

Waarom sal jy dan twyfel oor dié skool? Een van die matrieks sê juis gister ek moet vir die gr.7's sê: *Jy sal inpas waar jy hoort. So, moenie ophou om te veg vir waar jy wil inpas nie.*

'n Tweede ding wat jy van Landboudal moet weet, is dat **elkeen sy kant moet bring**. Gewone skoolkinders uit dorpe en plase is die hart van die skool. Hier produseer elkeen wat hy veronderstel is om te produseer.

Landboudal is bekend vir sy **hoë werkverrigting**. En 'n Lantie staan altyd reg om te help. Dis deel van ons eer. As jy na hierdie skool kom, dan kom jy om te werk, want ons werk is die kroon in ons lewe. En as jy kán werk, dan help ons om jou nog beter te maak. As jy bang is vir werk, word jy nóóit 'n Ware Lantie nie. Ons leuse sê *Die bodem is die lewe*, maar daardie bodem moet bewerk word. Dus verwag ons van jou om jou taak hier nougeset na te kom.

Landboudal lewer **jongmense van kwaliteit**. Die spore van ons stoetplaas van jongmense loop wyd en ver. Vra maar vir tersiêre inrigtings en oorsese boere. 35 jaar gelede het daar laas 'n matrikulant hier gedruip. Praat van drukking op vanjaar se matrieks!

Naas die kinders is die onderwysers die **sterk span** wat hierdie wa trek. Onder ons is daar genoeg kundigheid dat ouers die skool kan vertrou. Hierdie span werk dag na dag met u kind en bepaal wat, hoe, waar en wanneer dinge hier gebeur. Omdat hierdie span uit gelowige Christenopvoeders bestaan, tree ons in Landboudal volgens Christus se Wil teenoor kinders op. Hier word kinders beskerm deur goeie gedrag en reëls. Hier hou ons ons besig met die ontwikkeling van leerders se denke, 'n sin vir orde, die opbou van goeie verhoudings en groei tot volwassenheid.

Geen plaas kan mielies teen 'n **verlies te produseer** nie. Ook nie Landboudal nie. Ons kan nie bekostig om één kind te verloor nie. Daarom stry ons ook teen allerhande negatiewe dinge wat met ons kinders se koppe smokkel. As jy nie ernstig is oor jongmens wees nie, as jy nie stewige waardes het wat in plek is nie, as jy naweke rondjool, as jy nie omgee oor prestasie op skool nie, as jy nie ambisie het nie, as jy soos 'n matroos vloek, as jy nie respek het vir ander mense nie, as jy gesag uitdaag, as jy oneerlik is, as jy nie lief is vir dit wat mooi en goed en reg is nie, dán gaan jy taai trek op Landboudal. Want hier kan jy nie die goggas in jou lewe wegsteek nie. Daarvoor is die skool net te klein.

Daar heers meestal vrede en harmonie op Landboudal – soms, net soms, word dit versteur deur hoë vlakke van testosteroon! Maar Landboudal gee om vir sy kinders en sal jou ook hierdeur help.

Die goeie nuus is: hier eet almal lekker! Vra maar vir die Limousinspeenkalwers wat selfs in die droogte van 2018 op 205 dae 'n gawe 225 kg geweeg het. Dis 'n skool wat produseer dié: kyk net hoe vrugbaar is die merino's met hulle

lampersentasie van 142% vir 2019 en die grootoie wat 'n gemaklike 5,7 kg wol per ooi produseer.

Daarom, sluit by Landboudal aan. Hier sal jy deel word van 'n geliefde skoolfamilie, hier sal jy 'n vrugbare skoolloopbaan hê, al moet die matrieks elke oggend hormoonpoeier oor jou pap gooi ...

Ek sluit graag af deur jou te vertel van Quinton Kock, daardie gr.8-seuntjie wat nie 'n pa gehad het nie en daar van De Aar af hier aangekom het. Op sy tweede skooldag kry ek hom voor die biblioteek aan't bewe. Hy kan nie met my praat nie, want sy onderlip wil nie stilstaan nie. Dis dieselfde bewerige mannetjie wat later 'n bul van 'n eerstespanspeler geword het, een wat vir sy skool deur 'n muur sou hardloop. Dit is dieselfde yster wat later die opponent by die lynstaan sou uittart met: *Ek sê jou net, vanaand soen ek jou sussie!*

Dit is hoekom 'n matrikulant gister sê as hy só 'n gr.8'ie sou raak loop, sal hy vir hom sê: *Kalmeer, Sot. Is daar iets waarmee jou ooms jou kan help?*

Die Lanties wat hier in die saal sit, is ons advertensie. Hulle sal jou die beste kan vertel van die lekker en die sleg van Landboudal. Ons wat hier leef en werk, het **gekiés om hier te wees**. Onthou egter één ding: Jy kan jou net regtig oor 'n vennootskap met Landboudal uitspreek as die oes in die sak is – as jy, soos die matrieks, end-uit hier was. Dink goed na oor wat jy vandag hier ervaar het. Hier lééf ons voluit.

Om deel van ons skool te word, is inderdaad 'n belewenis. Maar almal weet dat 'n skoner enjin beter loop as 'n vuile. Dit is meer betroubaar. Daarom, sorg dat jou enjin skoon is as jy hier aankom. As ons eers moet goggas afspuit en onkruidodders gebruik om jou menswees na vore te bring, gáán die aanpassing swaar wees. En tap jou tenk vol moed en durf en lus wees vir leef en geloof in Jesus. Jy het niks meer nodig nie.

Ons wag vir jou. Ons sien daarna uit om 'n klomp nuwe ouers hier te verwelkom. U sal net soos ander ouers ná 5 jaar met trots kan terugkyk na u kind se groei tot volwassenheid.

.....